

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 185

(April 1984)

"Ek is"-uitsprake

* * * * *

"Maar Jesus sê vir hulle: . . . " (Johannes 6:35)

Die *Ek-is*-uitsprake in die Evangelie van Johannes

Die Evangelie van Johannes is 'n wonderlike boek: Deur 20 eeue het dit, miskien meer as enige ander Bybelboek, kinderlike gelowiges in die Kerk en opregte soekers na die waarheid intens aangespreek, en hulle baie duidelik (opnuut) gestel voor die beslissende keuse vir of téén Jesus as enigste Verlosser en die Weg na die ewige lewe. 'n Baie besondere kenmerk van Johannes se Evangelie is sy beklemtoning van die hele groep van *Ek-is*-uitsprake van ons Here Jesus. En hulle bied aan ons 'n wonderlike opsomming van die betekenis van die koms van God se Seun na ons aarde as Jesus, die jongman van Nasaret. Hierdie *Ek-is*-uitsprake van Jesus herinner ons aan hoe God aan Moses gesê het wie Hy is: "*Ek is wat Ek is*" (Eks. 3:14). Hiermee eis Jesus dus telkens vir Homself die volle goddelike wese en gesag op. Dit is tog opvallend dat dit juis sewe keer kom in die absolute vorm van net "*Ek-is*." (Joh. 4:26; 6:20; 8:24; 8:28; 8:58; 13:19 en 18:5). Onthou: Sewe is die getal van heilige volheid!

Dit is egter ewe opvallend dat die *Ek-is* juis weer sewe keer verbind word aan pragtige beelde soos bv.:

1. **Joh. 6:35** — "Ek is die brood vir die lewe."
2. **Joh. 8:12** — "Ek is die lig vir die wêreld."
3. **Joh. 10:7** — "Ek is die deur vir die skape."
4. **Joh. 10:11** — "Ek is die goeie herder."
5. **Joh. 11:25** — "Ek is die opstanding en die lewe."
6. **Joh. 14:6** — "Ek is die weg, die waarheid en die lewe."
7. **Joh. 15:1** — "Ek is die ware wingerdstok."

Saamgevat

1. In sy *Ek-is*-uitsprake sê Jesus bo alle twyfel dat Hy waaragtig God-in-die-menslike-gestalte was en is.
2. In sy *Ek-is*-uitsprake wat verbind is met sulke mooi beelde, sê Jesus elke keer weer opnuut watter wonderlike seën Hy as Seun van God, juis as mensgeworde Seun, vir ons inhou.

Dit wil ons juis in hierdie uitgawe vir ons lesers duidelik aantoon.

Prof. Christi Coetzee.

Ek is die Goeie Herder

(Joh. 10:11)

Ek is . . .

As Christus sê: "Ek is . . .", klink dit op die oor af na 'n baie eenvoudige uitdrukking. Tog dra dit swaar aan inhoud. Reeds in die Ou Testament lees ons dat God op hierdie manier van Homself praat.

Wanneer die Here Hom aan Moses in Eksodus 3:16 bekend maak, dan sê Hy heel eenvoudig: "Ek is." Ook by die aanhef van die Tien Gebooie in Eksodus 10:2 lees ons: "Ek is die Here jou God."

- ❖ Dus, wanneer die Here in die Ou Testament sê: "Ek is," openbaar Hy Homself as God aan ons.
- ❖ En as Christus in die Nuwe Testament sê: "Ek is . . .," maak Hy Homself ook net so bekend as God.

Herder

'n Herder is die herder van sy skape, van sy eiendom. Christus gebruik hier 'n beeld uit die boerderywêreld. Wat Hy met hierdie beeld sê, kan almal verstaan. 'n Herder sorg vir sy skape. Hy sien om na hulle gesondheid. Dié wat swak is kry spesiale aandag — hy dra hulle. Hy sien toe dat hulle genoeg het om van te lewe: genoeg kos en water. Hy beskerm hulle teen al die gevare wat hulle mag teëkom, naamlik roofdiere en diewe en hy keer dat hulle nie teen hoë hellings afstort nie.

Kortom

- ❖ Hy dra die belange van sy kudde op die hart.
- ❖ Hy dra volle verantwoordelikheid vir sy kudde.

Ek is die Goeie Herder

As Christus sê: "Ek is die Goeie Herder", dan sê Christus daarmee dat Hy as Herder ook God is.

En wat 'n gerusstellende troos het die gelowige nie met hierdie feit nie! Om te weet dat hy 'n Herder het, en dat dié Herder God is!

Hy beskerm jou teen elke gevaar — selfs die gevaar van die Hel. Hy versorg jou na liggaam en siel sodat daar by jou niks ontbreek nie. Trouens, Hy sorg só vir jou dat jou beker oorloop.

Te midde van die grootste gevaar, lei jou Herder jou deur hierdie lewe op so 'n manier dat jy verseker by jou eindbestemming sál aankom. Hy sal sorg dat jy die ewige lewe binnegaan.

- (Ps. 91:10): "Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie."
- (Ps. 68:9): "Hy kan en wil en sal in nood, selfs as ons sidder vir die dood, volkome uitkoms gewê." (Berymd.)

Christus, die Goeie Herder, is by magte om dit te doen omdat Hy die Almagtige God self is!

Wat 'n troos om te weet jy het só 'n Herder!

Lê sy lewe af

'n Herder sal alles binne sy vermoë doen om sy skape te beveilig. Tog, as 'n dodelike en gevaarlike roofdier sy skaap aanval en verskeur, sal hy eerder sy skaap laat sterwe voordat hy in die plek van sy skaap sal sterwe.

Maar by óns hemelse Herder is dit anders. Christus, as die Goeie Herder, hét Sy lewe vir sy skape afgelê!

- Hy het die vloekdood aan die kruis gesterf, sodat ons die lewe in die hemel, by God kan lewe.
- Christus het Sy kudde met Sy bloed gekoop om Sy eiendom te wees.
- Ons kan op die beskerming en koestering van óns Herder reken!
- Hy sal ons nooit begewe en ons nooit verlaat nie! (Psalm 23:2) (berymd):

"En is ek soos 'n skaap in doodsgevre,
wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,
en moet ek in die doopsdal diep en donker,
van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan —
dan nog ken ek geen doopsvrees of verskrikking,
omdat U staf my troos is en verkwikking. "

Ds. A. H. Grové

Ek is die Brood wat lewe gee.

(Joh. 6:35)

Die één saak waarmee die mens vanaf die tyd van die sondeval te doen gehad het, en waarmee hy sal besig bly tot aan die voleinding, is die brood vraagstuk:

- ons hoor van hongersnood in groot dele van die wêreld;
- ons hoor van grootskaalse ondervoeding en gebrek aan nodige lewensmiddele. En vir onself is die steeds stygende voedselpryse 'n probleem,
- dit bly 'n voortdurende worsteling om by wyse van spreke, liggaam en siel aanmekaar te hou.

Die straf wat God daar in die paradys oor Adam en Eva uitgespreek het, is vandag nog vir ons van aktuele belang: "In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet," of "net deur harde werk sal jy kan eet."

Vir die gelowige is dit duidelik dat alle gawes, ook sy lewensmiddele, hom alleen uit God se genadige Vaderhand toekom. Die Here het Hom nog altyd bekend gemaak as die God wat versorg, wat onderhou en wat voorsien.

Ons ervaar Sy versorgende liefde daagliks in ons lewe, soos die Israëliete destyds in die woestyn toe die Here sy volk met manna en kwartels gevoed het. En waar Jesus hier in Joh. 6 van Homself getuig dat Hy die brood is wat lewe gee, bring Hy dit in verband met die manna wat die Israëliete in die woestyn geëet het.

Soos wat God daar in die woestyn uitkoms gegee het teen die liggaamlike nood van Sy volk, só wil Hy deur Jesus Christus, die lewende Brood wat uit die hemel kom, uitkoms bied teen die geestelike nood van almal wat in Hom glo.

Die oorsaak van ons geestelike nood en ons geestelike honger is ons sonde, ons ongehoorsaamheid wat ons wegdryf van ons hemelse Vader wat aan ons die ware lewe gee. En sodoende is ons besig om onself in die ewige dood in te stort.

Maar dan kom Jesus en verklaar van Homself:

"Ek is die Brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie." Deur hierdie lewende Brood wat God uit die hemel laat neerdaal, kom die Here self na Sy volk toe.

Deur hierdie lewende Brood kom die Here ons tegemoet in ons geestelike hongersnood.

Deur hierdie Brood wat lewe gee, kom die Here om ons op te wek uit die dood van sonde en misdade waarin ons verkeer, en om aan ons die ware lewe, die ewige lewe te gee.

Aan die kruis op Golgota het Jesus Christus in die besonder Sy liggaam gegee as ware voedsel van die ewige lewe vir ons hongerige harte.

Elkeen wat van hierdie Brood eet, se geestelike honger word tot in ewigheid gestil.

Elkeen wat in Hom glo, ontvang die ewige lewe!

Maar elkeen wat van hierdie Brood nie eet nie, en elkeen wat in Hom nie glo nie, ontvang nie die lewe nie, en bly in die dood . . .

Leef dan van dag tot dag in die volle gemeenskap met Hom, die Brood wat die lewe gee, en ervaar die ryke geloofsvrede. Uit die ewige Bron van alle goedheid, ontvang u alle goeie gawes vir tyd en ewigheid.

Ds. Pieter van der Walt.

"Ek is die weg en die waarheid en die lewe."

Die einde van u soektog.

Die naam van dié blaadjie wat u op die oomblik lees, is: "Quo Vadis". Dit beteken: Waar gaan u heen?

Wel . . . waar gaan u heen? Met u lewe, bedoel ek. Wat wil u met u lewe bereik, of wie?

Elke mens se lewe het tog immers rigting, en ons is tog oppad iewers heen. Is u oppad na geluk, vryheid of reg of u medemens of mag? Of voel u dalk dat u nie lekker koers kry in u lewe nie? Loop u dalk ook in sirkels soos iemand wat verdwaal is?

Mag ek dan vir u die volgende vraag vra? Wie bepaal die rigting van u lewe?

Miskien sal u dalk antwoord: "Ek besluit self wat ek wil doen, en my lewe lyk vir myself ook heeltemal goed."

Weet u, Salomo waarsku ons: "Daar is 'n lewenswyse wat vir 'n mens reg kan lyk, maar die uiteinde daarvan is die dood." Wat vir u en vir my dus dalk lyk na die regte rigting, is miskien heeltemal verkeerd.

Nou vra u: "Maar hoe kry ek dan die regte koers in my lewe? Hoe kry my lewe sin en betekenis? Waar vind ek weer die lewe?"

Wees gerus!

As 'n mens verdwaal, is dit 'n groot verligting as 'n mens op 'n plek kom waar jy weer bekend is, of waar jy 'n rigtingwyser kan kry. Die Here Jesus wil u gerusstel en weer rustig en diep laat asemhaal met Sy bekende woorde: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe." Meer nog . . . die Here Jesus roep u agter Hom aan, want Hy is die einde van u soektog.

Jesus Christus is die weg. 'n Pad verbind twee plekke met mekaar en maak dit vir jou moontlik om by jou bestemming uit te kom. Jesus Christus verbind ons aan ons hemelse Vader en maak dit vir ons moontlik om te kom waar ons moet wees, naamlik by God in die Vaderhuis met sy baie wonings. 'n Mens wil mos graag tuis wees. Nou ja, die Here Jesus is die pad huis toe! Hy is nie net 'n wegwysers nie, selfs nie net 'n gids of wegbereider nie. Hy is die weg self. Lees maar Hebreërs 10:19 en 20: "Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei."

Voel u dalk dat u nie die weg kan bewandel nie, omdat u al soveel sonde gedoen het en soveel draaie geloop het in hierdie wêreld? Wees maar gerus. Omdat Jesus die weg is, is die weg na die Vaderhuis geplavei met vergewing vir elkeen wat in Hom glo as die Verlosser en Saligmaker.

Glo dit maar, want Jesus Christus is ook die waarheid. Hy is nie 'n leuen soos 'n doodloopstraat nie. 'n Doodloopstraat is ook 'n straat, maar lei na nêrens. Jesus lei nie na nêrens nie, nee, Hy lei na die Ewige Lewe!

U het u lewe baie lief, nie waar nie? Baie mooi. 'n Mens sal alles gee wat hy het vir sy lewe. U het u lewe lief, sê u? Maar is dit wat u liefhet, die ware lewe?

Dis 'n baie belangrike vraag. U weet mos hoe praat baie mense: "Motorfietse is sy lewe, rugby is sy lewe, geld of meisies is sy lewe ens., ens." Maar is dit werklik die lewe? Die Bybel leer ons dat Jesus Christus die lewe is. Wie Hom liefhet en dien en eer, hy lewe werklik. Hy leef die ewige lewe!

Soek u rigting in u lewe, soek u vastigheid, soek u na iets of iemand wat die lewe die moeite werd maak?

Jesus Christus is die antwoord, want Hy is die weg en die waarheid en die lewe!

Ds. Arnold Mulder.

Ek is die Ware Wynstok

Nog 'n "Ek-is"-uitspraak van Christus: "Ek is die ware wynstok". Ons lees dit in Joh. 15:1.

Besef u hoe aangrypend hierdie vergelyking is? Dit is 'n beeld van Christus se nederigheid en eenvoud . . . 'n wynstok! Eenvoudig, nederig en tog onmisbaar.

Christus is die wynstok, geplant in die aarde, want Christus is die "Woord wat vlees geword het"; wat aarde toe gekom het.

'n Wynstok is baie keer krom en onooglik. Was Christus só? Ja, sê Jesaja 53:2: "Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad nie." Maar, die wynstok groei en brei uit, net soos Christus in Sy Kerk die wêreld sal vul.

En verder ... die vrug van die wynstok eer God en vrolik mense op (Rigters 9:13) — en wie kan nie daarvan getuig nie?

En dan sê Joh. 15:2 dat die mense die lote van hierdie wynstok is. Dit beteken tog dat Christus ook die wortel is . . .

- onsigbaar in ons lewe
- maar die wortel dra die boom
- die wortel laat die sappe in die lote deurdring tot vrug en blom.

En: "My Vader is die Boer" (Joh. 15:1).

- God is die eienaar van Christus en Sy Kerk
- Hy versorg en vertroetel
- Maar Hy snoei ook tot die lewe of tot die dood!!

Wat 'n aangrypende beeld:

- landbouer — boer — God
- wynstok . . . Christus
- lote . . . jy en ek!

Die Landbouer stap deur sy wingerd met die snoeiskêr in sy hand. Die lote wat nie vrug dra nie sny hy af.

Maar, die wat wel vrug dra?

- Die maak hy skoon;
- die word gesnoei, sodat dit nog méér vrug kan dra.

En het jy al gesien wat gebeur as 'n mens 'n wingerdloot snoei? Helder druppels water kom te voorskyn.

Gaan dit nie ook só as God Sy snoeiskêr in jou lewe gebruik nie?

Dit bring soms trane in jou oë, trane van pyn of smart of teleurstelling of eensaamheid. Ja, die Here moet soms diep insny in die lewe van sy kind.

- Hy sny op stoflike gebied;
- of in gesondheid;
- of selfs 'n geliefde deur die dood

Hoekom? Sodat dit meer vrug kan dra.

En so is hartseer en beproewing in die lewe nie net nodig nie, maar ook 'n voorreg en 'n troos dat God aan my, 'n nietige sondaar, sny. Hy doen dit sodat jy moet groei en bloei deur die wynstok, Jesus Christus!

Ds. Nico Ligthelm.

Ek is die opstanding en die lewe

(Johannes 11:25)

As 'n onderdeel van die breë tema van Jesus se Ek-is-uitsprake in Johannes se Evangelie, gaan ons nou die uitspraak van Joh. 11:25 bespreek: "Ek is die opstanding en die lewe: Wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe"

Die opstanding; die lewe!

Ek is dit! Omdat ek waarlik God is, omdat Ek die enigste Verlosser vir 'n verlore wêreld is, dáárom is Ek die opstanding en die lewe! En dit — vir jou! Glo dit!

Kom ons kyk na die historiese situasie waarbinne Jesus hierdie woorde gesê het, want — en dis belangrik — geen Bybelse riglyn vir ons lewe word in 'n lugleegte gegee nie.

Lasarus is een van Jesus se intiemste boesemvriende. Hy lê op sterwe.

Sy twee susters stuur 'n dringende boodskap na Jesus. Maar Lasarus sterf voor Jesus daar aankom.

- Hy is bly, want hier is 'n besondere geleentheid om sy Godgegewe mag te openbaar (11:15).
- Hy is ook droewig, want sy eie vriend is dood, en sy twee vriende Martha en Maria is in rou gedompel. (11:33-36). Ja, Hy is droewig, Hy ween, Hy huil — so naby, so vol liefde, so barmhartig is ons Here teenoor almal wat Hom liefhet.
- Tog was Hy ook bly - bly dat Hy nie daar was toe Lasarus gesterf het nie. Waarom? Omdat die Jode wat al Sy wonders gesien het, (11:37) en selfs Sy getrouste volgelinge (11:21 en 32) nie méér van Hom sou glo as dat Hy net siekte kan genees en sou keer dat Lasarus nie sterf nie.

Maar ag, die dood is finaal. Die dood is baas. Die dood het Lasarus weggeneem en nou is dit te laat! Ag, as U maar hier was . . . Maar nou is Jesus daar! En Sy antwoord op hierdie droewige wanhoopsklagtes is: "Ek is die Opstanding en die Lewe". Ek, julle Here, kan nie maar net aan die lewe hou nie. "Ek is die Lewe": Ek géé lewe uit niks by geboorte. "Ek is die Opstanding": Ek is magtig om ook lewe uit die dood terug te gee. Die dood is nie baas nie, Ek is Koning! En daarom: "Lasarus — jy wat al ruik — kom uit!" Maar die opwekking van Lasarus was nog net 'n teken. Jesus is en gee méér as net dit! Hy is die Opstanding tot die Ewige Lewe in heerlijkheid eenmaal op die laaste dag (11:24), én Hy gee nou al die Ewige Lewe vir elkeen wat in Hom glo (11:26). Jesus is vir ons die opstanding en die lewe — die angel is weggeneem uit die dood (1 Kor. 15:55).

Prof. Christi Coetzee.